# TOOLBOX

## Julie 2012

LID VAN VETERAAN MOTORVERENIGING VIR SUIDER AFRIKA (SAVVA)

Dagsê Vriende

Dit blyk dat gedurende die wintermaande ons meer tyd aan projekte bestee as in die somertye. Seker heel gepas, want in die somermaande wil ons mos rondry en die motors geniet.

Eerstens wil ons van die Bestuur se kant af, namens die lede, meegevoel betoon aan Wimpie Pieters en gesin met die skielike heengaan van sy skoondogter. Ons hou hulle ook in ons gebede deur hierdie moeilike tyd.

**Vryheid Motor skou**

Terugvoer wat ons ontvang het van Vryheid Vintage Car Club, was dat hul skou in heerlike weer plaasgevind het, en dat heelwat motors opgedaag het om te deel in die pret.

Daar was weereens 'n goeie balans tussen klassieke motors, streetrods, moderne klassieke motors, stilstaande enjins, trekkers en antieke implemente.

Die Suid-Afrikaanse Volvo Eienaarsklub het ook soos gewoonlik daar saamgetrek en hulle pronkstukke uitgestal.












**Jaarprogram**
5 Julie – Maandvergadering
14 Julie – Hoeka Toeka Kar Skou – Piet Retief
29 Julie – Scottburgh Classic Car show

2 Augustus – Maandvergadering
11 Augustus – Durban Prowl in Bethlehem
11 Augustus – Welkom Cars in the Park
31 Augustus – Bethlehem Lugskou Optog
1 September – Bethlehem Lugskou

<u>SAVVA – National Calender:</u>
1 Julie – Classic Car Show – Meyersdal
8 Julie – Centenary Club Goodwill Run – Krugersdorp

5 Augustus – Pretoria Cars in the Park
9 Augustus – Cars in the Park – Bloemfontein
15-18 Augustus – SAVVA National Car and Bike Tour - Hazyview

# Gelukwensings

**Verjaarsdae**
Baie geluk aan die volgende lede wat gedurende Julie verjaar. Mag julle 'n vreugdevolle en geseënde jaar hê!

3 Julie – Tertius du Preez

Ons wens elkeen van hierdie persone sterkte toe vir die jaar wat voorlê en verseker hulle van ons deurlopende ondersteuning!

**Nuwe Lede**
Hartlik geluk en welkom aan die volgende nuwe lede wat by ons aangesluit het. Ons glo en vertrou dat hulle vinnig sal tuis voel en hul stokperdjie saam ons kan uitleef:

Fred Nel
Leon Badenhorst

**Ken Mekaar...Kornel Smith**


1. Geboorte datum: 06 Mei 1991
2. Werksbeskrywing: Logistieke Koördineerder
3. Posisie in klub: Lid
4. Aantal motors al besit: 6
5. Beste motor bestuur: 2009 Mercedes-Benz C-Klas
6. Swakste motor bestuur: Kaskar
7. Gunsteling kleur: Rooi
8. Motors al verkoop: Fiat Uno
9. Motors huidiglik in sy besit: Ford Fiesta,<br>Ford Cortina 30S,<br>Jaquar XJ6,<br>Ford Fairlane
10. Stokperdjies: Restourasie van motors.
11. Woorde van Wysheid: "Never say never"

**Gesoek**
Ring gear of kompleet flywheel vir 'n 1967 Ford Anglia 109E. Skakel Pieter by 079 513 8371 - Reitz

Ian Loubser van Kaapstad is dringend op soek na 'n koepee (1939-1940) vir die maak van 'n fliek. Die motor kan in enige toestand wees maar moet kompleet wees. Kontak hom dringend by 0827729903 of iclassic@telkomsa.net

**Top Gear Festival**
Soos jul seker almal weet, is die Top Gear Festival onlangs in Durban aangebied. Kaartjies vir die gewilde Britse televisiereeks se besoek was sommer vinnig uitverkoop. Ek verneem dit was een van die beste motor verwante byeenkomste nog in die land. Daar was selfs 'n paar klassieke motors op uitstalling, meesterstukke van die Rupert versameling...







**Projek: XJ6**
Kornel het sy liefde vir motors by sy oupa aan moederskant geërf. Dis dan geen verassing dat hy sy Cortina 30S van sy oom oorgeneem het nie. Na skool het hy by Chris Barnard Ingeneurswerke gewerk, met die doel om meer te leer oor enjins en hul werking. Vandag is hy 'n Logistieke koördineerder, maar sy liefde vir die motors brand steeds. Dis dan ook die rede hoekom hy 2 jaar gelede die kans aangegryp het toe 'n Jaguar XJ6 wat in Clarens gestaan het sy pad gekruis het.

Kornel het besluit om die kar te restoureer en moes derhalwe byna alles self gedoen het. Hy sê dat hy baie vinnig geleer het, maar ook in die proses 'n hele paar nuwe vaardighede ryker geword het. Die voertuig is heeltemal uitmekaar gehaal, geverf en alles wat aandag benodig het, is tot hul eertydse glorie gerestoureer. Dit sluit bekleedsel, paneelbord, matte en bedrading in. Alhoewel hy steeds die motor net per geleentheid gaan gebruik, wil hy steeds sy eie stempel van identiteit op die projek afdruk. En daarom het hy by die vorige eienaar se besluit gebly en die Britse enjin vir 'n 327 Chev V8 verruil.



Sowat 'n maand gelede nadat die Jaguar oorgeverf is...

Hierdie jong entoesias glo dat 'n ding ordentlik gedoen moet word of glad nie. En dit weerspieël in die gehalte van sy projek. Wat hom egter dwars in die krop steek is dat vandag se jongmense altyd die verskoning van hoë petrolpryse gebruik, as hulle hoor van 'n klassieke motor, maar dan gaan bou hulle Golfies met allerhande bykomstighede en waaruit die petrol lek terwyl hul van een verkeerslig na die volgende jaag. Elke naweek is hul besig met reperasies waarvan die kostes nooit genoem word nie.

Ons hoop om die XJ6 binnekort by die klub te sien en is dankbaar vir jongmense soos hy wat deel in ons passie!

Nadat die enjin en bedrading geinstalleer is...



Tot 'n volgende keer...

*Tertius*

# SAVVA Technical Tip 60 - Electric Water Pumps.

In the last article we discussed electric fans and mentioned there were three alternative ways of overcoming over heating of engines. To prove us wrong we received a very interesting note from Andrew Steward from the VCC stating that there were in fact four alternatives. Here's the fourth.

Andrew is the proud owner of a BSA scout which has "thermo-syphon" system. In other words, like an Austin 7 or Ford model T, they don't have a water pump but rely on hot water to circulate by convection. Unfortunately, as many of us owners or ex-owners of Model T's are aware, this system, whilst it works, tends to overheat in very hot weather.

To solve his problem Andrew fitted one of these new fangled electrically operated water pumps into the bottom water hose. They are supposed to operate on 12 volts, however he is using 6 volts without a problem.

I contacted the supplier in Pretoria and they confirmed they have two models available - the EWP80 and the EWP115. The EWP80 pumps 80 liters of water a minute and the EWP115, 115 liters. The later being more suitable for larger or V8 engines.

The agent also pointed out that there is an electronic controller available which acts like a thermostat and one can pre-set the water temperature required. If you use the controller then 6 volt operation will be a no-no. I've requested the agent to contact the manufacturer about the use of 6 volts as they've never had this request before.

Should you wish to obtain further information on these pumps go to www.hot4cold.co.za. They are very accommodating and will answer your questions by return.